

Eenheid 2 Kontroletoetse, voorbeeldksamens en eksamens

Kontroletoets I	
Punte: 100	Tyd: 1 uur
Instruksies - Jy word voorsien van 'n vraestel en 'n antwoordboek. - Beantwoord al die vrae. - Gebruik die formate wat gegee word om jou antwoorde te toon. - Bewerkinge moet getoon word om gedeeltelike punte te verdien. - Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.	

Finansiële State van maatskappye

Vraag 1 Balansstaat, aantekeninge en verhoudingsontleding [82]
Zidani Beperk se finansiële jaareinde is jaarliks op 30 Junie.

Gevra

- 1.1 Stel die LENING rekening op. (8)
- 1.2 Gebruik die gegewe inligting en voltooi die Balansstaat op 30 Junie 2.14. (44)
- 1.3 Voltooi die Aantekeninge vir tasbare bates. (20)
- 1.4 Op 30 Junie 2.14, word Zidani Beperk se aandele verkoop teen R10.00 per aandeel op die JSB.
Dink jy dit is die moeite werd om die aandele te verkoop? Verskaf 'n rede vir jou antwoord. (4)
- 1.5 Toon die kontantgevolg deur finansieringsaktiwiteite. (6)

Inligting

- 1 Gewone aandelekapitaal en premie
Die gemagtigde aandele kapitaal bestaan uit 400 000 gewone aandele:
150 000 aandele is uitgereik op 1 Julie 2.11 teen R5.00 per aandeel en 20 000 nuwe aandele is uitgereik op 1 September 2.13 teen R8.50 per aandeel.
- 2 Verdelingsrekening
Die VERDELINGSREKENING in die Algemene Grootboek is soos volg:

Dt.		VERDELINGSREKENING				Kt.	
2.14 Jun.	30	Inkomstebelasting	248 000	20.14 Jun.	30	Wins-en-verlies	278 000
		Dividende op gewone aandele	180 000			Behoue inkomste	600 000
		Behoue inkomste	450 000				
			878 000				878 000

- 3 Nie-bedryfslaste
Die lening by ALOT Bank toon die volgende:

	R
Saldo aan begin van jaar	400 000
Paaielemente rente ingesluit op lening teen 17,5% p.j.	(190 000)
Rente gekapitaliseer	?
Saldo aan die einde van die jaar	280 000

Daar word verwag om R120 000 van die lening in die volgende finansiële jaar te betaal.

- 4 Tasbare bates
Grond en geboue is teen R506 000 gewaardeer. Addisionele grond met 'n koste van R100 000 is aangekoop gedurende die jaar. Die kosprys van voertuie aan die begin van die jaar is R600 000 en die Opgeschopte waardevermindering is R180 000. 'n

Nuwe voertuig ten bedrae van R2000 000 is aangekoop op 1 April 2.14. 'n Voertuig met kosprys R100 000 en Opgehoopte waardevermindering van R80 000 is op 30 Junie 2.14, verkoop. Die drabedrag van voertuie aan die einde van die jaar beloop R516 000.

5 Dividende op gewone aandele

Die Direkteure verklaar 'n dividend van 30 sent per aandeel op 30 Junie 2.14.

6 Ander Na-aansuiweringsproefbalans saldo's

	R
Tasbare bate: ALOT Bank	400 000
Kontant voorhande	4 000
Krediteurekontrole	145 000
Bankoortrekking	75 000
SAID (Inkomstebelasting) (Kt.)	9 000

7 Finansiële aanwysers

Bedryfsverhouding	1,27 : 1
Vuurproefverhouding	0,6 : 1

8 Netto batewaarde

Die netto batewaarde per gewone aandeel is 1635.0 sent per aandeel.

Vraag 2 Korporatiewe bestuur

[18]

Ouditmening (Aan die aandeelhouders):

Ons is van mening, dat die Finansiële State 'n redelike weergawe is van alle materiële aspekte van die finansiële posisie van die maatskappy en die groep teen 30 Junie 2.14. Die resultate van hulle bedrywighede en kontantvloei vir die jaar is in ooreenstemming met IFRS, en soos deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis.

Bronx en Son
Chartered Accountants (SA)
Geoktrooieerde Rekenmeesters en Ouditeure
Pinetown, 25 Julie 2.14.

- 2.1 Wat is die doel van 'n onafhanklike auditverslag en aan wie word dit gerig? (4)
- 2.2 Verduidelik hoekom dit belangrik vir 'n onafhanklike ouditeur is om lid te wees van 'n professionele liggaam. Verskaf TWEE redes. (4)
- 2.3 Gee EEN rede hoekom jy met hierdie audit tevrede moet wees. (3)
- 2.4 Die Ouditeursverslag verwys na IFRS. Verduidelik hoekom ouditeure IFRS in ag moet neem met die lewering van hulle mening. (6)
- 2.5 Verskaf die ouditeure se naam. (1)